

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 32: Behar (בהר) – Op die Berg

יהוה *het met Moshe gepraat op die berg Sinai en gesê: Lev. 25:1–PWL¹.*

Torah: Lev. 25:1 tot 26:2

Haftorah: Jer. 32: 6 tot 27

Nuwe Verbond: Luk. 4:16 tot 21; Matt. 19:21; 26:11; Mark. 10:21; 14:7; Luk. 14:13,21; Hand. 11:29; Jak. 2:5; Gal. 6:7-10; 1 Joh. 3:17; Jak. 1:9 tot 11; Jak. 5:1 tot 6; Matt. 5:3; 1 Kor. 7:21 tot 24.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 32 wat afgelaai kan word by: [Parashah32Notas14](#) en by [Parashah32Notas15](#).

If you want to know what is on God's day planner, you need to get on God's calendar –
Mark Biltz

For those who hate truth, truth is hate – Anonymous

You can ignore reality. However, you cannot ignore the consequences of ignoring reality
– Ayn Rand.

To be able to make an informed decision it's absolutely essential to know the truth. It is only the truth that can set free.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

A time will come when instead of shepherds feeding the sheep the church will have clowns entertaining the goats – C.H. Spurgeon

Torah Bespreking

Die onderrig en instruksies in Levitikus is hoofsaaklik hoe om as priesters dienswerk in die tabernakel te verrig, asook hoe 'n ordelike samelewing as YHVH se volk moet funksioneer. Daarom is die onderrig en instruksies van Levitikus die bloudrukplan hoe om as priesters van die Melgisédék priesterorde te funksioneer. Ons is deel van 'n priesterorde van die nuwe verbond wat sonder 'n tempel funksioneer, want ons is die tempel (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19) met Yeshua ons ewige Hoofpriester – ons Middelaar.

Opsommend: Levitikus is die onderrig hoe om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en ook tussen afgesonder (heilig, *kadosh*) en nie afgesonder (onheilig, *chol*). YHVH ons Vader-God is volmaak *tahor* en volmaak *kadosh* en Hy vereis van elkeen van Sy priesters en Sy kinders presies dieselfde!!

Sonder julleself af en wees afgesonderd, want Ek is יהוה, julle God. Hou My reëls en doen dit. Ek is יהוה, wat julle afsonder. Lev. 20:7 en 8.

Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1 Pet. 1:13 tot 16.

YHVH se Siklusse van Sewes

Die sewende letter van die Hebreuse alfabet (*alephbet*) is *zayin* met 'n numeriese waarde van sewe. Die piktogram van *zayin* lyk soos 'n handwapen (swaard, handbyl) of 'n sekel.

Die woord *zayin* (זַיִן)(*zayin, yod, nun-sofit*) se numeriese waarde is 67 (*zayin, 7 + yod, 10 + nun-sofit, 50 = 67* en het dieselfde numeriese waarde as *biynah* (בִּינָה) wat insig (begrip) beteken. Daarom is *zayin* ook 'n sinnebeeld van die Woord van God wat vir ons insig en begrip van die Vaderhart gee.

Die woord vir tyd (*zman, זמן*) begin met 'n *zayin* en so ook die woord vir onthou of gedenk (*zakar, זכר*). *Zakar* het dus ook met die siklus van tyd te doen, asook te doen met die doel van die skepping. So byvoorbeeld: Ex. 20:8 – *gedenk die shabbat.....*, en Deut.32:7 – *dink aan die dae.....*

Aangesien *zayin* 'n wapen (swaard, handbyl) simboliseer en die getal sewe verteenwoordig, word dit gebruik om tyd in eenhede van sewe te verdeel.

- ❖ Shabbat – die sewende dag van die sewe dae week (die week van dae)
- ❖ Shavuot – 7 x 7 weke + 1 dag (die week van weke)
- ❖ Tishri – die sewende maand van die jaar (die week van maande)

- ❖ Die Shabbatjaar (*Shemittah*) – die 7e jaar wat die land moet rus (die week van jare)
- ❖ Die Jubeljaar (*Yovel*) – 7 x 7 jaar en dan die vyftigste jaar (die week van weke van die jare)
- ❖ Millennium – die 7e millennium van die mens se bestaan (week van 1 000-stes).

| | | | |
|-------------------|----------------------|----------------------|------------------------|
| <i>Adam</i> | <i>Abraham</i> | <i>Messias</i> | <i>Millennium</i> |
| <i>2000jr</i> | <i>2000jr</i> | <i>2000jr</i> | <i>—1000jr</i> |

Volgens Hebreëuse denke is YHVH se berekening van tyd ‘n uitnodiging vir ‘n afspraak met Hom. Ons is egter almal slawe van tyd. Sedert die mens se sondeval in die tuin van Eden was die mens se bestaan gekoppel aan tyd, want die dood het ‘n werklikheid geword.

Volgens Rabbi Moshe Shapiro is *zman* (tyd) afkomstig van dieselfde grondwoord as die woord *hazmana* wat *uitnodiging* beteken. Daarom moet tyd nie gesien word as rivier in vloed wat ons na ‘n onbekende bestemming neem nie, maar as ‘n uitnodiging na ‘n afspraak met YHVH. So het ons gedurende ons lewe hier op aarde ‘n staande uitnodiging na YHVH se weeklikse afspraak op shabbat en YHVH se jaarlikse afsprake vir die Bestemde Tye (Feestyte). So ook is die Shabbatjaar en Jubeljaar afsprake met YHVH.

Ons moet hierdie afsprake nakom tot ons sterwensdag en dan sal daar een finale afspraak wees – die afspraak van verskyning voor die troon waar elkeen beloon of verdoem sal word. Ons kan weier om YHVH se afsprake tydens ons aardse lewe na te kom, maar hierdie laaste afspraak is nie ‘n uitnodiging nie, maar ‘n bevel! Die tyd wat YHVH aan ons elkeen toegedeel het, is dan verby – die uurglas het leeg geloop!

Hoewel *zayin* ‘n wapen (swaard; strydbyl) verteenwoordig, is dit afgelei van die woord *zan* (זן) wat voedsel (lewensmiddele) en voeding beteken. Hoe is voedsel en die swaard met mekaar verwant? Die swaard (wapens) is dikwels vir oorlog nodig om in voedsel te kan voorsien – om voedselsekuriteit te verseker, veral op ‘n geestelike vlak. Ons gebruik YHVH se tweesnydende swaard van die Woord vir die doel (Heb. 4:12).

Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag. Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander, want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel. Ef. 6:10 tot 12.

Ons moet toelaat dat YHVH se Woord soos ‘n swaard met twee snykante skeiding maak tussen wat rein en wat onrein is en tussen wat heilig en wat onheilig is en tussen wat reg en wat verkeerd is. So moet ons ook YHVH vra om deur Sy Gees ons te help om onderskeid te maak tussen die geestelike (onsienlike, figuurlike) en die fisiese (sigbare, tastbare en letterlike).

Die numeriese waarde sewe van *Zayin* beteken *voltooi*, *volmaak*, *heelheid*, *ongeskonde* en *rus*. Daarom is YHVH se siklusse van sewe telkens ‘n sinnbeeld van dit wat voltooi en volmaak in Yeshua is en wat ons ongeskonde sal bewaar en rus gee! Elke voltooide siklus van sewe wat ons gedenk is ‘n kleedrepetisie van die volmaakte en van die rus in Yeshua.

Beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar, herinner ons dat ons vermoë om 'n inkomste (bestaan, rykdom) te genereer uitsluitlik die genadevoorsiening van Vader-God is (Deut. 8:18). Alles wat ons is, en alles wat ons besit, is in die hande van YHVH en kan alles in een oomblik verander. Vir alles is ons van YHVH afhanklik en daarom is beide die Shabbatjaar en Jubeljaar 'n les in dankbaarheid, nederigheid en vertrouwe dat Vader-God in alle behoeftes sal voorsien. Hy is *El-Shaddai*, die Magtige God wat meer as genoeg is!

Beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar was daarom ook 'n toets van Israel se vertrouwe dat YHVH in die sesde jaar en die vyftigste jaar soveel sal voorsien dat daar genoeg sal wees tot die volgende plantseisoen en tot daar weer ge-oes mag word (Lev. 25:19 tot 22).

Bepeins of Bespreek

1. Met Yeshua se eerste koms het hy die geestelike Jubeljaar aangekondig toe Hy op die Shabbat in die sinagoge uit Jesaja 61:1 en 2 gelees het:

“Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; Hy het My gestuur om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie te genees; om aan die wat gevangenes is vryheid te verkondig en aan blindes herstel van sig; om die wat depressief is, te herstel met vergifnis en om 'n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig.” Hy het die boekrol opgerol en aan die assistent gegee en gaan sit, maar die oë van almal in die bymeekaarkomplek was vasgenaël op Hom. Hy begin en sê vir hulle: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul. Luk. 4:18 tot 21.

Gaan Yeshua weer 'n Jubeljaar met Sy wederkoms aankondig?

Onder die nuwe verbond moet ons die betekenis van beide die Shabbatjaar en die Jubeljaar daagliks toepas. Ons moet in die voetspore van ons Messias volg en ook die goeie boodskap aan die armes verkondig, en om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie in die Karakter en Outoriteit van Yeshua (die Naam) te genees, en om die wat gevangenes is van bindinge en verslawings te bevry, en om die oë van geestelike blindes herstel aan te bied; en om die wat depressief is, te herstel met vergifnis, en om 'n tydperk aanvaarbaar vir YHVH aan te kondig.

2. Die belangrikste rede hoekom Israel 'n Shabbatjaar en 'n Jubeljaar moes hou was sodat die grond kan rus en herstel, want na die jare van plant en oes is die grond uitgeput. Daarom moet ons besef dat ses duisend jaar is verby en ons is aan die begin van die sewe duisendste jaar. Is die aarde nie ook 'uitgeput' nie? Het die mens nie feitlik al die natuurlike hulpbronne deur selfsug en geldgierigheid verwoes nie? Gaan YHVH 'n Shabbatjaar en 'n Jubeljaar op die aarde 'afdwing'? Sal YHVH aan Sy Torahgehoorsame kinders in die 'sesde jaar' genoeg opbrengs (geestelike en fisies) gee om 'n Shabbatjaar en 'n Jubeljaar te oorleef tydens die Groot Verdrukking tot en met die begin van die Millenium?

Verandering in Torah

Ek het onlangs 'n epos ontvang waar die volgende stelling gemaak word:

“‘n Nog meer gevaarlike tendens vanuit ook die HWB (Hebreeuse wortels beweging / ontwaking) is die groeiende NUWE geloof dat daar ook ‘n direkte onderskeid is in die MOSES VERBOND/TORAH en die YESHUA NT- TORAH! Die 2 covenant 2 torah dogma is direk afkomstig uit die trinity leuen”.

My onmiddellike reaksie hierop is die vraag: Hoe kan dit *'n meer gevaarlike tendens* wees in die lig daarvan die Skrifte van die nuwe verbond duidelike uitspraak gee dat met die folterdood en opstanding van Yeshua het daar ‘n verandering in die Torah van Moses gekom?

Maar eerstens moet ons duidelikheid oor die volgende kry: Hoewel dit waar is dat YHVH se Torah (wet) ewig is, is dit eweneens waar dat verandering in omgewing en omstandighede gepaardgaan met ‘n aanpassing in die praktiese toepassing en uitvoering van Torah. Die volgende dien as voorbeeld:

Tydens die bedeling onder die ou verbond was Torah gerig op die tabernakel en die Tempel waar die fokus op die fisiese was, maar wel heenwysend na die geestelike. Na Yeshua se folterdood en opstanding het die klem verskuif na die geestelike verstaan, asook die volheid in Yeshua en die doen in hierdie geestelike begrip. Die fisiese het dus verskuif na die geestelike, want nou is elkeen wat vertrou het in die versoening deur Yeshua as die Messias die tempel van God. Al die praktiese wette wat deel was van die offerandes is nou in elkeen volvoer en voltooi! Daar het dus ‘n verandering in die Torah van Moses – die Torah van die ou verbond – plaasgevind. Ons leef daarom volgens die Torah van Yeshua – die Torah van die nuwe verbond.

Paulus verwoord dit soos volg in 1 Kor. 6:19 en 20:

*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is gekoop vir 'n prys. **Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.***

Hierdie is dus nie ‘n NUWE geloof soos in die genoemde e-pos verwoord word nie! Nee, dit is die geloof van die NUWE verbond!! Die verandering in Torah het dus weggedoen met die fisiese offerandes in ‘n tempel, MAAR die geestelike betekenis van dit bly steeds waarheid soos dit in die Torah van Moses uiteengesit word. Torah is ewig!

Hierdie verandering in die tempel en die offerandes moet saam met die verandering in die priesterorde verstaan word! Die brief aan die Hebreërs verduidelik hierdie verandering breedvoerig:

*Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,
want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,
want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'udah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.
Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.
Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,
want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"*

want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie, want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Heb. 7:12 tot 19.

Onder die ou verbond het Torah bepaal dat slegs die priesters uit die stam van Levi die offers kon bring en slegs onder die toesig en met die goedkeuring van die Hoëpriester. Yeshua is nou die aangestelde Ewige Hoëpriester. Hy was al die offerandes wat in die Torah van Moses voorgeskryf was. Hierdie fisiese offers van die ou verbond se geestelike toepassing vind egter nou in elke gelowige se lewe plaas. Die fisiese het plek gemaak vir die geestelike, maar dit is steeds YHVH se Torah wat weens 'n veranderde omgewing en omstandighede 'n Godgewe aanpassing in die praktiese toepassing en uitvoering ondergaan het!

YHVH het egter reeds voor die grondlegging van die wêreld hiervoor voorsiening gemaak – lank reeds voor die instelling van die Levitiese priesterorde! Melgisédek (*Melik Tzadek*) was hierdie Hoofpriester wat reeds aan Abraham brood en wyn gebring het!

Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring en hom geseën en gesê: “Geseënd is Avram deur El-`Elyon, die Skepper van hemele en aarde. Gen. 14:18 en 19.

Die skrywer van die brief aan die Hebreëres bevestig dit:

Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. Heb. 7:1

Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed, want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is. Heb. 7:18 tot 22.

Daar het dus 'n verandering in die Torah van Moses plaasgevind, hoewel dieselfde beginsel steeds in die Torah van Yeshua geld, naamlik 'n hoëpriester en priesters wat offer, maar die wyse wat dit geskied en die tipe offers het verander.

Ons moet die volgende onthou en verstaan: YHVH het Israel afgesonder om van hulle 'n voorbeeld te maak. Hy het hulle die Torah op 'n fisiese wyse geleer, sodat hulle die geestelike lesse kon leer wat hulle in hulle daaglikse lewe moes toepas!

As hulle dit kon doen en dit kon verstaan en kon lewe op die manier waarop YHVH bedoel het dat hulle moet leef, sou God hulle so oorfloedig geseën het dat hulle 'n voorbeeld vir die ander nasies sou wees. Dit is die wyse wat Israel van ouds 'n lig vir die nasies moes wees – tot so 'n mate dat ander volke sou begeer om die God van Israel te dien.

Volgens die geskiedenis weet ons dat dit egter nooit gebeur het nie, omdat Israel nie vertrou gehad het nie, en hardnekkig was. Daarom waarsku Paulus ons soos volg in 1 Kor. 10:1 tot 6:

My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een.

Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie.

Die Torah van Moses moes Israel leer om hulle vertrou op die Gesalfde Een te plaas en om water (lewende water) en geestelike manna te vra. Hulle moes leer om geestelike kos te eet deur fisies die manna te eet wat YHWH hulle gegee het en wat 'n sinnebeeld is van Yeshua die ware Manna uit die hemel. Deur die fisiese tempel, die Levitiese priesterorde en die offerandes te gebruik, moes Israel leer hoe die Geestelike Tempel in die Hemel funksioneer.

Die hoofpunt van dít alles: ons hét so 'n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel.

Hy, en nie 'n mens nie, is die Bedienaar van die Huis van Afsondering en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het.

Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer,

want as Hy op aarde was, sou Hyself geen priester wees nie omdat daar priesters is wat die offerandes volgens die wet offer,

hulle wat 'n voorbeeld en skaduwee van die hemelse bedien, net soos aan Moshe gesê is toe hy die Tabernakel (tentwoning) gemaak het: "Let op dat jy alles maak volgens die bloudrukplan wat op die berg aan jou verskyn het,"

maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is,

want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie, want Hy vind fout met hulle en het gesê: "Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. Heb. 8:1 tot 9.

Hierdie skaduwee waarna in vers 5 verwys word, was in die fisiese daar en dit was die eertydse, maar dit was nie weggeneem en dit het nie net verdwyn nie. Nee, dit is in Yeshua vervul en is tans in die Hemel in werking. As ons dus die fisiese verstaan, sal ons kan begin om te verstaan hoe die Hemelse Tabernakel werk, maar sal ons fokus onder die nuwe verbond op die geestelike toepassing daarvan wees.

Weereens word bevestig dat verandering in omgewing en omstandighede gepaard gegaan het met 'n aanpassing in die praktiese toepassing en uitvoering van die Torah van Yeshua.

Ja, daar is steeds dinge wat ons fisies moet doen, maar ons fokus is op die geestelike toepassing daarvan. Die Torah van Yeshua beteken nie vry van Torah nie en ook nie die vergeestelik van alles van die Torah van Moses nie.

Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, want omdat die wet swak was, deur die sieklike van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid

van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.

Die Afgesonderde Gees leer en lei ons in die begrip en toepassing van gehoorsaamheid aan die Torah van Yeshua.

Gevolgtrekking:

Daar het 'n verandering in die Torah van Moses plaasgevind wat 'n direkte gevolg is van die folterdood en opstanding van Yeshua. Derhalwe is daar dus 'n verskil in die Torah van Moses (ou verbond) en die Torah van Yeshua (nuwe verbond). Maar beide is steeds die ewige Torah van YHVH!!

Dan moet ons ook onthou dat YHVH se Torah was reeds van die begin van die skepping af van toepassing en ons aardsvaders het daarvolgens gelewe tot en met die aankoms by die berg Sinai.

Daarom: Diegene wat dus waarsku teen die 'gevaarlike tendens' van onderskeid maak tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua lees nie, of glo nie, die Skrifte van die nuwe verbond nie, en is waarskynlik vasgevang in die leerstellings van Rabbynse Judaïsme! Hulle fokus is op die fisiese en hulle het 'n verlange na die herstel van die Levitiese priesterorde en die offerandes van die Torah van Moses.

Nota:

Gerrie Coetzee se lering oor die "verandering in die Wet" is op YouTube beskikbaar by die volgende skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=NiMseZL7Sp4&feature=youtu.be>

Bepeins of Bespreek

1. Kan jy nog voorbeelde noem van die veranderinge in die Torah van Moses? Wat van die besnydenis, die wyse wat ons die Bestemde Tye gedenk, YHVH se gesagstruktuur (organisasiestructuur) van die ou verbond versus die nuwe verbond, ensovoorts?
2. Is dit YHVH se wil – Sy beplanning en verlange – dat daar weer teruggekeer word na die fisiese doen soos dit in die Torah van Moses uiteengesit is? Onthou: YHVH se plan is die herstel van alles tot soos wat dit was voor die sondeval. *Eden lost, Eden restored.* Dit is waarheen ons op pad is! Die Torah van Moses was 'n 'tydelike' maatreël in hierdie plan. Die Torah van Yeshua is 'n reuse stap in die herstel van die tuin van Eden! Die einde word deur die begin bekend gemaak!

Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer; wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n verland. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen.
Jes. 46:9 tot 11.

Die einde is 'n bruid soos Adam en Eva voor die sondeval!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.